Daar is 'n bibliografie wat toon dat die outeur intensief gelees het. Sy bronhantering is ook baie goed en funksioneel gedoen.

---

Van der Walt, B J – Godsdiensverskeidenheid, -gelykheid en -vryheid in Suid Afrika

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. 42 Bladsye. Prys onbekend

Resensent: Ds J P J Wagenaar

Hierdie publikasie is 'n gepubliseerde lesing van die skrywer wat gelewer is tydens die 'eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Godsdiens', Pretoria, 17-19 Januarie 1994. Die werklike tema wat die skrywer aan die orde stel, word as subhoof van die publikasie soos volg geformuleer: Wat is die implikasies vir Christelike Hoër Onderwys.

In die publikasies word dit spoedig duidelik dat die skrywer in werklikheid hierdie onderwerp hanteer weens die besorgdheid oor wat die gevolge van die nuwe grondwet in Suid-Afrika kan wees vir die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

In die nuwe grondwetlike bestel van Suid-Afrika is hierdie vraagstuk baie aktueel, nie alleen vir die genoemde universiteit nie, maar vir elke opvoedkundige instelling waar Christelike waardes en beginsels gehandhaaf word en selfs statutêr verskans is. Die belangrikste gebrek van die publikasie is egter dat dit 'n gepubliseerde lesing is. 'n Lesing veronderstel immers 'n bepaalde verwysingsraamwerk by die toehoorders. Daarom sal daar by die lees van die brosjure steeds baie onbeantwoorde vrae bly vir die gewone belangstellende leser.

Die skrywer wys daarop dat godsdiens in hierdie post-modernistiese wêreld met 'n eienaardige verskynsel te doen het. Enersyds beleef ons 'n grootskaalse oplewing van religieuse bewustheid. In sy beskrywing van hoe religie op pad terug is in die komtemporêre Westerse wêreld, is dit sy mening dat daar tussen ses tipes godsdienste onderskei kan word:

* Wêreldgodsdienste, soos Islam, Boedhisme en Hindoeïsme;
* Aangepaste oosterse religieë en kultusse soos Hare Krishna;
* Die New-Age bewegings;
* Neo-paganistiese religeë soos die ou Keltiese en Germaanse heidendom;
* Implisiete godsdienste waarmee bedoel word dat bepaalde lewensfasette soos sukses, rykdom, of individualiteit verabsoluteer word; en

- Vae (by)gelowe soos byvoorbeeld om 'n onduidelike besef te hê van lewe na die dood.

Die wetenskaplikheid van hierdie indeling moet bevraagteken word. Wat word byvoorbeeld bedoel met New-Age beweging as 'n tipe godsdiens?

Benewens die bespreking van godsdiensverskeidenheid waar die verskille tussen Boedhisme, Islam en Christendom op 'n interessante wyse uiteengesit word, stel die skrywer ook godsdiensgelykheid en godsdiensvryheid aan die orde. Wat egter met godsdiensgelykheid bedoel word, kom nie duidelik na vore nie. Die vraag is of daar hoegenaamd 'n term soos 'godsdiensgelykheid' kan bestaan. Daar kan hoogstens van gelyke behandeling van verskillende godsdienste gepraat word. In hierdie nuwe bestel stel die skrywer kortliks die probleem wat Christelike Hoër Onderwys in die gesig staar aan die orde, met spesiale verwysing na die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. In die bestek van 'n referaat is dit uiteraard nie moontlik om die probleem volledig en afdoende te hanteer nie. Hy hanteer die probleem onder die volgende opskrifte:

1. Argumente ten gunste van 'n Christelike instelling soos die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2. Argumente daarteen
3. Onaanvaarbare oplossings

Ten slotte word dan ook die basiese vereistes waaraan 'n werklike Christelike universiteit of kollege moet beantwoord, baie kortliks bespreek.

Twee standpunte wat die skrywer in sy hantering van die hele probleem stel, kan nie kritiekloos verbygegaan laat word nie:

1. Die skrywer voel kennelik baie sterk oor die saak van Christelike wetenskap en die beoefening daarvan. Hy stel sy mening onomwonde dat dit nie goed genoeg is as die wetenskap bloot deur 'n oortuigde Christendosent beoefen word nie. Hy voel baie sterk oor die sogenaamde gewetensklousule wat slegs by wyse van 'n privaatwet nie by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys bestaan nie. Die gewetensklousule bepaal dat 'n universiteit geen godsdienstige maatstawwe by die aanstelling van personeel of die toelating van studente mag gebruik nie. 'n Bykans venynige veroordeling van oortuigde Christendosente wat nie 'Christelike wetenskap' beoefen nie, kom na vore in die volgende aantyging: 'Sondag en in hulle persoonlike lewe dien hulle God,

maar in die akademie is hulle die prooi van die scientisme, dien hulle die god van die wetenskap'. Dit lyk na growwe oordrywing en 'n krasse veroordeling van die geloofslewe van Christendosente aan ander universiteite.

2. Die referaat word afgesluit met 'n stelling dat die meeste Christene van kleur in die land die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys sien as 'n eksklusiewe Afrikaanse, blanke en verkrampte Christelike instelling. Hy stel dit dat slegs enkele stemme in die apratheidswoestyn hierteen beswaar gemaak het. Daarom beskou hy dit as 'n dringende vereiste dat die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys amptelik in die openbaar moet erken dat hy gefouteer het en berou het oor sy optrede in die verlede.

Die debat oor die onderwerp van hierdie brosjure gaan gewis nog in hewigheid toeneem. Baie aspekte van die debat kan egter futiel wees omdat besluite en standpunte van die nuwe regering ten opsigte van nasionale onderwys – in besonder op universiteitsvlak – nog afgewag word.